

Noodelike Sinode
Taakspan Toekoms Verslag
Dinsdag 20 Oktober 2026

Die groot skuiwe in die sinodale gebied

Die scenario vir die Kerk vir die volgende 10 jaar kan ontwikkel word uit die ontleding van gebeure *binne* en *buite* die Kerk. Die gebeure kan beide geleenthede en uitdagings skep.

Ten einde die beskikbare scenario vir die Kerk af te baken word aanvaar dat die Kerk se omstandighede direk deur bewegings op verskeie bestaansterreine, beïnvloed gaan word. Vir doeleindes van die verslag van die Toekoms Taakgroep word die terreine gelys, en sluit in;

- demografiese tendense
- statistiek en beskikbare data
- beskikbare hulpmiddele / infrastruktuur / leierskap
- politieke milieu waarin die kerk gaan funksioneer.

Die doel van hierdie voorlegging

Die doel van hierdie voorlegging is om 'n oorsig te gee van verskeie demografiese en politieke werklikhede waarin die Kerk se mees praktiese scenario(s) gaan afspeel.

Die dokument poog ook om enkele breë riglyne te koppel aan praktiese plaaslike aksies.

Binne 'n raamwerk vir die mees realistiese scenario vir die Kerk in die volgende 10 jaar kan (en moet) sekere werklikhede uitgesluit word.

Hierdie uitsluitings bevat die volgende:

- Die Kerk is nie tans (of in die volgende 10j) in 'n wesentlike bestaanskrisis nie
- Die Kerk word nie ekstern bedreig nie
- Die Kerk sal waarskynlik nie amalgameer
- Die Kerk sal nie besluit om op te hou bestaan nie
- Die Kerk sal nie deur die owerhede ontbind word nie

Ten einde by praktiese omstandighede aan te pas sal die Kerk ook sekere verantwoordelikheid aanvaar om volhoubaar te wees.

Hierdie verantwoordlikhede sluit in:

- Die Kerk sal deurlopend gereed moet wees om by veranderinge aan te pas
- Die Kerk sal in alle kerkstrukture leierskap ontwikkel en beskikbaar stel
- Die Kerk sal deurlopend planne beraam om volledig kerk te wees
- Die Kerk sal normale en uitskietertendense met spesiale planne aanspreek
- Die Kerk sal deeglike risikobestuur toepas en onnodige risikos vermy

Faktore wat enige huidige scenario's beïnvloed

Die basiese definisie van politiek is dat politiek die bestuur van mag is.

In sy soeke na die gebalaseerde bestuur van mag, sal die Kerk dus deurlopend na die interne en eksterne operasionele omgewing waarin die Kerk funksioneer, moet kyk.

Vir doeleindes van die 2026 – 2036 (en tot 2050) oorsig blyk daar minstens ses belangrike eksterne faktore is, wat aandag moet trek.

Hierdie faktore is nie in direkte beheer van die Kerk nie maar kan 'n kritiese invloed hê op die funksionering van die Kerk. Die eksterne faktore sluit die volgende in:

- Die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kulturele, Godsdienstige en Taalkundige Gemeenskappe (CRL kommissie)
- *Impak van gebroke vertroue en geloofwaardigheid in die algemene samelewing en godsdiensomgewing in besonder*
- Die wetgewende gesag in die land(e) waar die Kerk werksaam is
- Die identiteit van 'n wesentlike getal van die Kerk se lidmate – ook in elke gemeente
- Gemeentes en omliggende asook geïntegreerde gemeenskappe
- Die politieke dinamika in SA

Die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kulturele, Godsdienstige en Taalkundige Gemeenskappe (CRL kommissie)

In die bestudering en bestuur van die eksterne faktore is die huidige rol van die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kulturele, Godsdienstige en Taalkundige Gemeenskappe (CRL kommissie) een van die belangrikste.

Die CRL Kommissie werk tans met die 2024 konsep van selfregulering vir die Christelike Sektor. Die konsep van selfregulering sluit 'n aantal kernpunte in. Hierdie kernpunte behoort vir die Kerk van wesentlike belang te wees – nie net vir die eksterne operasionele omgewing van die Kerk nie maar ook binne die verhouding van die Kerk met ander kerke en veral die sogenaamde susterkerke.

Die riglyne vir selfregulering vir die Christelike Sektor moet uiteraard ook binne die grondwet en wette van die land, geïnterpreteer word. Die CRL Kommissie se riglyne sluit die volgende aspekte in:

- ✓ Sommige groepe misbruik grondwetlike regte op godsdienstvryheid om hulself teen enige vorm van toesig te beskerm en dikwels deur gelowiges te mislei oor "staatsbeheer". Die voorgestelde staatsbeheer sluit onder andere in dat predikers and godsdienstige praktisyns geregistreer en deur peer-review strukture beheer word.
- ✓ Feit is dat sonder eenvormige akkreditasie gaan dit vir ordelike Christelike kerke moeilik wees om etiese uitdagings binne die sektor aan te spreek. Daarmee saam hou die onbeheerde stigting van kerke risiko's in vir finansiële stabiliteit (onwettige geldvloei) en die verspreiding van gevaarlike middels. Kerke word toenemend as besighede bedryf waar kwesbare mense (armes en siekes) uitgebuit word met vals beloftes van rykdom en genesing.
- ✓ In enkele gevalle moet daar ernstige kommer wees oor kerkleiers wat lidmate dwing om skadelike of onwettige aksies / stowwe in te neem tydens sogenaamde "bevrydingsdienste" ook gekoppel aan elemente van welvaartteologie.

Deurlopende monitering van wetgewende prosesse

- In die 10 jaar perspektief van hierdie Taakspan se studie gaan daar waarskynlik 5 demokratiese verkiesings plaasvind; 2026, 2029, 2031, 2034 en 2036.
- Die politieke stelsels en kiesstelsels in SA sal beslis gedurende hierdie dekade aangepas word. Die Kerk hoef nie noodwendig daardeur beïnvloed te word nie maar moet daarvan kennis neem en waar nodig ook hulle lidmate, as kiesers, ingelig te hou.
- Ander plaaslike en gemeenskapstrukture waarby nie-politieke verkiesings betrokke is sluit skole se beheerliggame, gemeenskap polisie forums en wyksrade in. Die Kerk kan invloed laat geld in hierdie strukture deur gemeentedele aan te moedig tot deelname.
- 'n Faktor wat ook 'n politieke invloed kan uitoefen op die leefwereld van die Kerk is die skuif in politieke beheer in plaaslike munisipaliteite (2026), provinsies en selfs nasionale vlak (2029). Die invloed van sulke drastiese politieke skuiwe gaan aanvanklik groot onsekerhede in gemeenskappe bring en daarna heelwat opportunistiese. Die Kerk se rol in leiding aan lidmate en in gemeenskappe / gemeentes waar mediumtermyn en langertermyn onsekerheid heers, sal deurlopend ondersoek en aangespreek moet word.
- Dus, deur die komende dekade sal die metode van regering waarskynlik ook tot 'n groot mate beïnvloed deur die noodsaak vir (i) riglyne vir politieke verdraagsaamheid en (ii) koalisie regerings - ook in plaaslike owerhede. Die konsep van verdraagsaamheid sal sekerlik ook deur die Kerk geïntrepreteer moet word. Eerlikheid, verdraagsaamheid en samewerking in plaaslike munisipaliteite sal tot voordeel van gemeenskappe wees. Die Kerk as bron van etiese optrede en eerlike gedrag tesame met ander Christelike riglyne kan ondersteunend wees tot goeie bestuur van gemeenskappe.
- Daar is egter tans geen aanduiding (naas die werk van die CRL kommissie) dat nuwe wetgewing beplan word wat die Kerk direk sal betrek of raak nie. Die politieke prosesse wat die Kerk indirek gaan beïnvloed bestaan reeds en moet deurlopend bestudeer en bestuur word. Hierdie aspekte sluit die volgende in:
 - Die SEB ("BEE") riglyne asook die langsame en sensitiewe prosesse om eenwording met die VGK te bestuur. Hiermee saam is die samestelling van die Kerk en gemeentes se bestuurstrukture, kantore, personeel en praktyke
 - Die gebruik van die Artikel 18A-sertifikaat wat deur goedgekeurde Openbare Weldaadsorganisasies (PBO's) in Suid-Afrika uitgereik word vir skenkings om belastingaftrekkings te eis. Hierdie sertifikate moet deurlopend aan spesifieke SARS-vereistes voldoen.
 - Die riglyne vir die bestuur van misdaad en beveiliging van groot groepe mense / byeenkomste - in besonder waar persepsies van welvaart / geld bestaan.

Die identiteit van 'n wesentlike getal lidmate van die Kerk – en elke gemeente

Die identiteit van die meederheid van lidmate sal inderdaad ook die identiteit (nie teologie) van die Kerk beïnvloed. Vir die volgende 10 jaar sal die meederheid lidmate van die die Kerk waarskynlik wit en Afrikaans wees – terwyl hierdie standpunt vir sommige lidmate van wesentlike belang gaan wees en vir ander 'n doring in die vlees.

Feit bly staan dat die lidmate van die Kerk in enige gemeenskap waar die Kerk aktief is, 'n relatief klein deeltjie van Suid-Afrika se totale bevolking – op nasionale vlak maar dan ook binne elke gemeente op plaaslike vlak, is. Dit beteken dat die Kerk se lidmate in meeste plekke 'n getalle- en demokratiese minderheid sal wees. Hierdie waarneming mag indirek 'n faktor word waar gemeenstes besluit om saam te werk of grense te laat oorvleuel.

Volhoubaarheid van gemeenskappe is reeds goed nagevors en die Kerk sal deurlopend daarvan kennis moet neem. Volgens verwante navorsing blyk dit dat ongeveer 10 000 aktiewe mense nodig is vir 'n gemeenskap waar 'n dienste-ekonomie haalbaar is. Dit blyk of gemeentes met 'n gemiddelde lidmaatouderdom van 50+jaar in die komende dekade onder geweldige druk gaan wees. Ander faktore wat gemeentes gaan beïnvloed is munisipale dienslewering, hospitale en mediese dienste, skole en unieke geleenthede soos tersiêre opleidingfasiliteite asook aktiwiteite soos landbou en die mynindustrie.

Binne die groter gebied van die NG Kerk in die Noordelike Sinode skeep die Gauteng provinsie (en veral Pretoria) 'n kern van die die gemeenskapprofiel (Afrikaans) wat waarskynlik lidmate van die Kerk kan / wil wees. Pretoria sal waarskynlik ook 'n netto ontvanger van verstedeliking van jongmense van die platteland wees.

Suid Afrikaanse makro-ekonomiese perspektiewe

Daar is Suid Afrikaanse makro-ekonomiese perspektiewe wat deurlopend saam met kundiges geïnterpreteer sal moet word.

Hierdie faktore sal moontlik ook 'n impak op die Kerk mag hê en sal van gemeente tot gemeente kan verskil. Die faktore sluit die volgende in:

- Toenemende arbeids- en ekonomiese kwesbaarheid van lidmate (profiel van wit en Afrikaans)
- Ekonomiese onsekerhede maar met 'n waarskynlike kans vir groei en laer rentekoerse of natuurlik lae groei met hoë rentekoerse
- Toegang en bestuur van energie en water op vlak van huishoudings
- Vervallende (ook munisipale) infrastruktuur

Internasionale faktore en risikos wat 'n invloed op die Kerk se scenario mag hê

- Veranderende weerpatrone en verwante ekonomiese skade – veral landelike gebiede
- Biodiversiteit en ontwikkeling van nuwe siektes (covid, mens, dier)
- Inligtingstegnologie en bestuur van inligting en waninligting
- Beheer oor en oneweredige verspreiding van lewensmiddele
- Bestuur van die 2030 VN se Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte (UN SDG 2030 Agenda)
- Positiewe en negatiewe elemente van migrasiepatrone en bevolkingsgroei
- Kunsmatige intelligensie (KI) en ander digitale dienste

Gekoördineerde uitsette

- Interpretasie deur gemeenstes
- Kerkbeleide en inligtingstukke wat groot tendense en vrae ontknoop en leiding gee
- Integrasie met ander kerkinligting

Aanbevelings deur die Toekoms Taakspan aan die Kerk

- i. Dat die Kerk, die toekomstige Taakspan se geïntegreerde scenario aanvaar en dat die Kerk se bestaande strategie en planne daarby sal aanpas.
- ii. Dat die Kerk aanvaar dat strukture en gemeentes nie noodwendig almal die inligting en vaardighede het om elke element van die scenario, binne die feitestel van van elke gemeente, in detail te ontleed en aanpassings in strategiese planne te maak nie.
- iii. Dat die Kerk besluit om die toekomstige Taakspan te herstruktureer en te versterk om as interne konsultasie forum vir die Kerk te dien. Hierdie forum sal 'n professionele strategiese bestuursdiens (ook voorkomende aksies) aan elke struktuur en gemeente in die Kerk bied.
- iv. Dat die toekomstige Taakspan sal fokus op die strategiese bestuur van die Kerk, met die strukture en elke gemeente.
- v. Dat die toekomstige Taakspan 'n effektiewe tweerigting beïnvloeding- en kommunikasie struktuur tussen die Kerk en elke gemeente sal wees binne die strategiese bestuursplan en verslae.

Coetzee Bester

coetzee@avava.co.za

083 4405968

20 Oktober 2026